HOËRSKOOL

Garsfontein

BOU EN BEWAAR

Prospektus

"Dis 'n fees om 'n Garsie te wees!"

HOËRSKOOL Garsfontein

BOU EN BEWAAR

Inhoudsopgawe

(2) **VOORWOORD**

(3) **VISIE EN MISSIE**

(4) **1. ADMINISTRATIEWE AANGELEENTHEDE**

- 1.1 Inskrywingsprosedure
- 1.2 Skoolure
- 1.3 Skoolgelde
- 1.4 Afwesighede en terreinverlating
- 1.5 Dissiplinêre kode

(8) **2. VOORSKRIFTE OOR SKOOLDRAG EN VOORKOMS**

- 2.1 Leweransier
- 2.2 Skooldrag
- 2.3 Sportdrag

(10) **3. BESTUUR VAN DIE SKOOL**

- 3.1 Skoolbestuur
- 3.2 Beheerliggaam
- 3.3 Graadhoofde
- 3.4 Verteenwoordigende Leerderraad
- 3.5 Garsie-Raad

(12) **4. AKADEMIESE AANGELEENTHEDE**

- 4.1 Vakkeuses en studierigtings
- 4.2 Toetsstelsel en eksaminering
- 4.3 Oueraande
- 4.4 Akademiese vordering
- 4.5 Akademiese aktiwiteite
- 4.6 Kleinklasonderrig
- 4.7 KDA-program vir Lewensoriëntering

(17) **5. MERIETESTELSEL**

(18) **6. BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

- 6.1 Sportaktiwiteite
- 6.2 Klubs
- 6.3 Biokinetika-sentrum
- 6.4 Kultuuraktiwiteite

(20) **7. OPVOEDKUNDIGE SENTRUM**

Voorwoord

DIRK VAN ZYL (Hoof)

Hoërskool Garsfontein wil leerders toerus om vreugde en balans in die lewe binne en buite die skool te vind. Saam met hierdie uiters belangrike prioriteit lê die wete dat ons jong skool homself deeglik op elke terrein van die skoollewe gevestig het.

Die volgende visie en missie is saamgestel:

Visie

Hoërskool Garsfontein streef voortdurend daarna om deur vindingryke, omvattende opvoeding die mees dinamiese skool in Suid-Afrika te wees.

Missie

By Hoërskool Garsfontein verbind ons onsself om:

- uitnemende onderrig te voorsien ten einde leerders akademies te bemagtig

Visie en Missie

- in 'n verskeidenheid sportsoorte uit te blink
- in 'n verskeidenheid kultuuraktiwiteite uit te blink
- mensekrag te werf, te ontwikkel en optimaal aan te wend
- fisiese hulpbronne optimaal aan te wend
- geestelik te groei
- geleenthede vir leierskapontwikkeling te skep
- betrokke te wees in die gemeenskap
- 'n gesonde en veilige werks- en leeromgewing te verseker
- 'n gesonde grondslag van tradisie en trots te bou

By Hoërskool Garsfontein wil ons ons Christelike geloof en beginsels uitleef. Ons wil gereed wees vir positiewe en opbouende verandering, 'n weerstand teen stagnasie, 'n voortdurende soeke na dit wat beter is, nuut is en 'n uitdaging verteenwoordig.

Ons sal daarna bly streef dat die toekomsdrome van elke leerder in hierdie skool werklikheid sal word.

Garsiegroete

DIRK VAN ZYL
Hoof

Administratiewe Aangeleenthede

1. ADMINISTRATIEWE AANGELEENTHEDE

1.1 Toelating van leerders tot Hoërskool Garsfontein en inskrywingsprosedures:

Algemeen

Die toelating van leerders tot die Hoërskool Garsfontein staan onder beheer van die Beheerliggaam. Die uitvoering hiervan word na die skoolhoof gedelegeer.

Uitsonderings word ad hoc deur die Beheerliggaam hanteer.

Die toelatingsvereistes en -prosedures geld vir alle leerders wat by Hoërskool Garsfontein inskryf.

Die Beheerliggaam kan die bogenoemde vereistes en prosedures verander, indien nodig.

Toelatingskriteria

- Die leerder moet inpas by die natuurlike chronologiese ouderdom van sy klasgroep.
- Die voornemende leerder moet Afrikaans, wat die skool se voertaal is, sodanig bemeester het dat sy onderrig en opvoeding nie skade sal ly nie.
- 'n Aanvaarbare amptelike bewys van bevredigende akademiese vordering moet voorgelê word.
- 'n Gedragsertifikaat van die leerder se vorige skool moet getoon word.

Onderneming deur die Ouer

Ouers moet by die inskrywing van 'n leerder 'n vorm onderteken waarin hulle die volgende onderneming gee. Hulle aanvaar :

- die Christelike en kulturele etos van die skool
- die akademiese standaard wat gestel word
- die gesag en dissipline van die skoolhoof, onderwysers en leerderraad
- om toe te sien dat hul kinders in die erkende skooldrag geklee is
- dat indien bogenoemde ondernemings nie gehandhaaf word nie, die leerder se voortgesette toelating tot Hoërskool Garsfontein in heroorweging geneem sal word.

Inskrywings- en Registrasieprosedures

- Die inskrywingsvorm moet volledig deur ouer/wetlike voog voltooi en onderteken word. Heg 'n afskrif van ID aan inskrywingsvorm.
- Skolastiese evaluering en 'n oorplasingskaart moet voorsien word.
- Gr 8-leerders moet voor die einde van September by Hoërskool Garsfontein registreer, asook R1000 aanvangspaaiement betaal.
- Gr 9 – 12 leerders herregistreer voor die einde van September vir die volgende jaar. R1000 aanvangspaaiement, wat deel vorm van die volgende jaar se skoolgelde, is einde November betaalbaar.
- Nuwe leerders sal voor die einde van Oktober skriftelike bevestiging van hul toelating tot die skool kry.

1.2 Skoolure

Die skool begin 7:30 en sluit 13:50 regdeur die jaar. Vrydae sluit die skool om 13:15. Op die laaste dag van elke kwartaal sluit die skool om 12:00.

1.3 Skoolgelde

Vir 2011 beloop die skoolgeld R12 400. Die skoolgeld word jaarliks op 'n ouervergadering vasgestel en is eenmalig vooruitbetaalbaar.
'n Aanvangspaaiement van R1 000 moet reeds teen die einde van November van die voorafgaande jaar deur huidig ingeskrewe leerders betaal word, asook deur nuwe leerders waar dit die inskrywingsvorm moet vergesel – hierdie paaiement word as die Januarie-betaling geag.

Indien die volle skoolgeld eenmalig voor einde Februarie betaal is, kwalifiseer die ouer vir 'n korting van R400 Die restant van die skoolgeld kan ook afbetaal word in 9 (nege) gelyke paaiemente vanaf begin Februarie tot begin Oktober, voor die 7de van elke maand. Betalingsopsies: Kaart, kontant, tjek, internet en debietorder.

Kragtens Artikel 40 van die Suid-Afrikaanse Skolewet is beide ouers aanspreeklik om verpligte skoolgeld te betaal, ongeag enige egskeidingsooreenkoms. Kragtens Artikel 41 van die Suid-Afrikaanse Skolewet mag die skool betaling van hierdie verpligte geld afdwing. As ouers volgens die riglyne van die Onderwyswet van SA kwalifiseer vir die kwytskelding van skoolgeld en al die nodige

dokumente is deur die Beheerliggaam ontvang, sal die kwytskelding volgens die neergelegde glyskaal toegestaan word. (Let wel dat die staat nie hierdie kwytskelding betaal nie, maar wel die ander betalende ouers.)

Indien ouers vir hierdie kwytskelding wil aansoek doen, berus die onus op die ouers om 'n aansoekvorm by die finansiële kantoor af te haal, volledig in te vul en terug te besorg aan die finansiële kantoor, gerig aan die voorsitter van die Beheerliggaam.

Aansoeke vir vrystelling is slegs geldig vir die huidige skooljaar. 'n Nuwe aansoek moet elke jaar vir oorweging voltooi word en voor die einde van Februarie ingehandig word.

Indien die skool genoodsaak word om uitstaande skoolgeld vir invordering te oorhandig, is alle kostes hieraan verbonde vir die ouers se rekening.

Die volgende eenmalige **vakheffings** is jaarliks addisioneel voor einde Februarie betaalbaar, indien dit op u kind van toepassing is:
Spyseniering (gr 8 en 9 - R100),
Gasvryheidstudies (gr 10 tot 12 - R300),
Turbo CAD (gr 8 en 9 - R750),
Kuns (gr 9 - R200),
RTT/IT (gr 10 tot 12 - R700),
Ontwerp (gr 10 - R350, gr 11 en 12 - R200),
Visuele Kuns (gr 10 - R300, gr 11 en 12 - R150),
Rekenaarvaardigheid (gr 8 en 9 - R100),
Hokkie (gr 8 en 9 - R300),
Krieket (gr 8 en 9 - R300),
Netbal (gr 8 - R300),
Atletiek (gr 8 - R100).

Kleinklas-onderrig: Wiskunde en Fisiese Wetenskappe (gr 10 -12) R1200, betaalbaar met aansoek vir kleinklas-onderrig.

1.3.1 Handboeke

Handboekgelde is nie ingesluit by skoolgeld nie. In die eerste week van Oktober word handboeklyste aan huidige leerders uitgedeel. Hierdie bestelling van handboeke vir die volgende jaar moet voor einde Oktober ingehandig word saam met die betaling. Dieselfde betalingsopsies as by skoolgeld is beskikbaar. Daar is handboeklyste, waarin die kostes vir elke graad se

benodigdhede uiteengesit word, beskikbaar. Nuwe leerders sal handboeklyste by inskrywing ontvang.

1.3.2 Busvervoer

Alle busvervoer vir skoolaktiwiteite binne die grense van Pretoria word uit die skoolgelde gefinansier.

1.3.3 Algemeen

Die leerders ontvang ook 'n leerderdagboek, die skoolkoerant en -almanak gratis.

1.4 Afwesighede en terreinverlating

Afwesighede

Ouers word versoek om die oggend wat 'n leerder afwesig is, die skool telefonies daarvan in kennis te stel. Andersins moet 'n leerder 'n afwesigheidsbrief by sy voogonderwyser ingee sodra hy na die skool terugkeer. Afwesighede tydens eksamens en toetse moet met 'n mediese sertifikaat bevestig word.

Terreinverlating

U word versoek om slegs in uitsonderlike, dringende gevalle mediese en ander afsprake gedurende skoolure te reël. Indien omstandighede u dwing om u kind gedurende skoolure te kom haal, moet u 'n brief in dié verband aan die graadhoof rig, sodat die nodige reëlings getref kan word. Die brief moet tydens registerperiode by die graadhoof ingegee word. Die leerder sal 'n toestemmingsbrief ontvang, wat hy dan by die algemene kantoor moet ingee sodra hy die terrein verlaat. So 'n leerder moet deur 'n ouer/voog by die skool kom haal word.

1.5 Dissiplinêre kode:

Dit is opgeneem in die dagboek wat aan elke leerder beskikbaar gestel word. Vergewis uself asseblief daarvan.

Voorskrifte oor Skooldrag

2. VOORSKRIFTE OOR SKOOLDRAG

2.1 Leweransiers

Constantia Uitrusters (Waterglensentrum, tel. 012 993 3130)
Monumentpark Uitrusters (Constantiapark Heights, tel. 012 993 3666)

Tweedehandse skoolklere- en skryfbehoeftewinkel: (CG 9). Elke dag oop vanaf 7:00 tot 14:45; Vrydae net tot 13:30.

Garsie-Sportwinkel: Geleë op die skoolterrein langs Garsvry Restaurant. Verskaf kwaliteit sportprodukte en goeie diens. 'n Groot verskeidenheid tophandelsmerkprodukte teen kompeterende pryse word aangebied. Alle Garsie sport- en ondersteunersdrag word in voorraad gehou.
Sel: 072 567 7329 en e-pos: morkelsport@gmail.com

2.2 Skooldrag

Dogters
Somersdrag

- Turkoois rok soos deur die leweransier verskaf.
- Wit hemp van katoenmateriaal met gewone kortmoue.
- Swart skoolskoene met wit sokkies.
- Indien 'n leerder 'n skoolbaadjie aanhet, moet 'n das ook gedra word.
- Turkoois nommerpas skooltrui.

Wintersdrag

- Soos die somersdrag, asook 'n skooldas, turkoois broekiekouse en 'n wit langmouhemp en skoolbaadjie.
- Die langbroek word slegs saam met 'n skoolbaadjie gedra.

Skoolbaadjie

- Verpligtend gedurende tweede en derde kwartaal.
- Tydens saalopeninge (Maandae) is die dra van die skoolbaadjie ook verpligtend.

Seuns
Somersdrag

- Wit boordjiehemp met kortmoue asook 'n skooldas.
- Grys kouse met swart skoolskoene - inrygtipe.
- Donkergrys kort- of langbroek met 'n grys/swart/bruin lyfband.
- 'n Turkoois skooltrui en -baadjie word saam met die skooldrag toegelaat.

Wintersdrag

- Soos somersdrag, asook 'n wit langmouhemp, 'n skooldas, trui en skoolbaadjie.

Skoolbaadjie

- Verpligtend gedurende tweede en derde kwartaal.
- Tydens saalopeninge (Maandae) is die dra van die skoolbaadjie ook verpligtend.

2.3 Sportdrag

- Atletiek- en landloopdrag: 'n Turkoois broekie en hempie.
- Rugbydrag: 'n Wit en turkoois streeptrui, 'n wit rugbybroek en wit rugbykouse met 'n turkoois omslag.
- Hokkiedrag: 'n Turkoois en wit hokkierompie en -hemp en skool rugbykouse.
- Netbaldrag: Turkoois rompie, 'n wit en turkoois kortmouhempie en wit kouse.

Bestuur van Skool

3. BESTUUR VAN DIE SKOOL

3.1 Skoolbestuur

Hoof :	Mnr D D van Zyl	
Senior Adjunkhoofde :	Mnr K W Vorster	
	Mnr C M du Plooy	
Adjunkhoofde :	Mnr. R van der Merwe	
	Me A Mentz	
	Mnr R Smith	
	Me T Coetzer	
Dissiplinehoof :	Mnr M Botha	
Departementshoofde:		
Afrikaans :	Me E Coetzee	
Engels :	Mnr T Kok	
Wiskunde :	Mnr G Duursema	
Fisiese Wetenskap :	Mnr R van der Merwe	
Ekonomiese Wetenskappe :	Me T Coetzer	(EBW)
	Me A Mentz	(Rek, Ekon, Bst)
Inligtingstegnologie :	Me M Burger	
Sosiale Wetenskappe :	Me K van Helsdingen	
Gasvryheidstudies :	Me M Middel	
Tegnologie :	Mnr J de Vaal	
Sportdirekteure :	Mnr M Morkel	(Krieket)
	Mnr P Human	(Rugby)
	Mnr A Kieser	(Atletiek)
	Mnr H Kotze	(Atletiek)
	Me D Kotze	(Netbal)
	Me J Pienaar	(Hokkie)
Kultuurhoof :	Mnr C van den Berg	

3.2 Beheerliggaam

Voorsitter :	Ds C van Rooyen	
Ondervoorsitter :	Mnr H Schoeman	
Sekretaris :	Me A Mentz	
Tesourier :	Mnr M Wissing	(Finansies)
Lede :	Mnr D van Zyl	(Skoolhoof)
	Mnr J van Tonder	(Bemarking)
	Mnr J Potgieter	(Sport)
	Mnr R Smith	(Sporthoof, opvoederlid)

Me A Mentz	(Menslike hulpbronne, opvoederlid)
Mnr N Pascoe	(Klein sportsoorte)
Adv M Klein	(Leerderondersteuning)
Mnr C Cilliers	(Kultuur)
Me T Coetzer	(Akademie, opvoederlid)
Me M van Schalkwyk	(Akademie)
Me I Meyer	(Nie-opvoederlid)

3.3 Graadhoofde

Gr 8	Me A Stiff	Gr 11	Me L Kondos
Gr 9	Me W Wegner	Gr 12	Me M Prinsloo
Gr 10	Me M Burger		

3.4 Verteenwoordigende leerderraad (VLR)

Die VLR verteenwoordig die leerders vanaf graad 8 tot graad 12.

3.5 Garsie-Raad

Die Garsie-raad is die komitee wat aan die hoof staan van die VLR wat die leiding neem by die skool t.o.v. leerderaangeleenthede.

4. AKADEMIESE AANGELEENTHEDE

4.1 Vakkeuses en studierigtings

Graad 8 en 9

Verpligte vakke:

- Afrikaans Huistaal
- Engels Addisionele Taal (Gr 8 en 9) of Huistaal (Gr 8)
- Tegnologie
- Kunste en Kultuur
- Sosiale Wetenskappe
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Wiskunde
- Lewensoriëntering
- Natuurwetenskappe

Die volgende verrykingsvakke word tans slegs in gr 8 en 9 aangebied en waarborg dus nie voortgesette studie in gr 10 - 12 nie.

Leerders kies een verrykingsvak:

Graad 8	***Graad 9***
Rekenaarvaardigheid	Kuns
Spyseniering	Spyseniering
Spraak en drama	Spraak en drama
Wiskunde Remediëring	Rekenaarvaardigheid
Turbo CAD	Turbo CAD
Hokkie	Wiskunde Remediëring
Atletiek	Wiskunde Plus
Krieket	Krieket
Netbal	Hokkie

Vakheffings: *Vergewis u van moontlike vakheffings t.o.v. bogenoemde verrykingsvakke.*

Graad 10 ,11 en 12 Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)

Leerders neem **sewe** vakke waarvan twee amptelike tale moet wees. Ons bied Afrikaans op Huistaalvlak aan. Engels word as Huistaal of Eerste Addisionele Taal aangebied. Leerders kies een van die twee. Lewensoriëntering en Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid is verpligtend.

Akademiese Aangeleenthede

A **Vier verpligte vakke:**

Afrikaans Huistaal
Lewensoriëntering
Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid

B **Kies drie keusevakke uit onderstaande lys:**

Fisiese Wetenskappe *
Lewenswetenskappe
Inligtingstegnologie **
Rekenaartoepassingstegnologie **
Rekeningkunde
Ekonomie
Besigheidstudies
Ingenieursgrafika en –ontwerp
Geskiedenis
Geografie
Dramatiese Kunste
Visuele Kunste
Ontwerp
Toerisme
Siviele Tegnologie ***
Gasvryheidstudies

Vakvereistes:
*Indien Fisiese Wetenskap as vak gekies word, moet Wiskunde ook geneem word.

**Slegs een van Rekenaartoepassingstegnologie of Inligtingstegnologie mag gekies word.

***Indien Siviele Tegnologie as vak gekies word, beveel ons aan dat Ingenieursgrafika en –ontwerp ook geneem moet word.

Vakheffings: *Vergewis u van moontlike vakheffings t.o.v. bogenoemde keusevakke.*

4.2 Minimum vereistes vir tersiêre opleiding:

- Diplomastudies:
  Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) 40 – 49% of beter in 4 erkende NSS 20-kredietvakke asook 'n minimum van 30% in die onderrigtaal van die instansie waar studeer gaan word.
- Baccalaureus-graad:
  NSS met 'n minimum van 30% in die instansie se onderrigtaal. 50 – 59% of meer in 4 NSS 20-kredietvakke. 50% vir Lewensoriëntering is ook 'n vereiste.
- Die volgende is erkende NSS 20-kredietvakke:

Afrikaans huistaal	Engels Huistaal
Wiskunde	Engels 1ste Addisionele Taal
Wiskundige Geletterdheid	Rekeningkunde
Fisiese Wetenskappe	Besigheidstudies
Lewenswetenskappe	Ekonomie
Dramatiese Kunste	Geografie
Visuele Kuns	Geskiedenis
Inligtingstegnologie	Ingenieursgrafika en - ontwerp
Rekenaartoepassingstegnologie	

4.3 Toetsstelsel en eksaminering:

Leerders skryf toetse elke Dinsdag en Donderdag regdeur die jaar om te verseker dat die leerders deurlopend aan hulle akademie werk. 'n Toetsrooster word vroegtydig aan leerders beskikbaar gestel om hulle voldoende geleentheid te bied om voor te berei. Toetse is by die skool beskikbaar ter insae indien versoek word.

Gr 8 - 11: Aan die einde van die tweede en vierde kwartale word volwaardige eksamens geskryf. Matrikulante skryf eksamen aan die einde van die tweede kwartaal, asook 'n rekordeksamen in die derde kwartaal.

Rapporte word kwartaalliks aan ouers gestuur en met sms'e in kennis gestel.

4.4 Oueraande

Deur middel van oueraande word aan ouers die geleentheid gebied om kennis te maak met onderwysers wat die leerder onderrig, om aangeleenthede rakende die leerder in 'n betrokke vak te bespreek, asook enige ander sake van belang vir die ouer. Daar word elke kwartaal 'n oueraand gehou.

4.5 Akademiese vordering

Aangesien ons 'n baie hoë premie plaas op leerders se akademiese vordering, sal ons die ouers gereeld op die hoogte daarvan hou. Veral aspekte soos pligsversuim en onbevredigende prestasie sal onverwyld onder die ouer se aandag gebring word. Om te verseker dat die leerder die bes moontlike kans het om te slaag, sal vakveranderings aan die einde van die tweede kwartaal aanbeveel word.

4.6 Akademiese aktiwiteite

Olimpiades: Leerders kry hier die geleentheid om in vakke soos Wiskunde, Wiskunde Geletterdheid, Fisiese Wetenskap, Afrikaans, Lewenswetenskap, Rekeningkunde, Inligtingstegnologie en Engels hulle kennis te toets en landswyd mee te ding.

Inligtingsaande en loopbaanskoue: By die geleenthede word daar klem gelê op inligting en kennis. Inligtingsaande word deurlopend gehou en kundiges van universiteite en ander tersiêre inrigtings tree hier op. Die leerders kry hier dus die geleentheid om seker te maak van beroeps- en vakkeuse vir latere studie.

Afrikaans-Ekspo en Expo vir natuurwetenskappe: Die leerders kry geleentheid om in te skryf vir ons interne Ekspo/Expo - uitstallings. Die beste projekte word jaarliks ingeskryf vir die Ekspo/Expo-kompetisies.

4.7 Kleinklasonderrig

Kleinklasonderrig word aangebied vir die volgende vakke:
Wiskunde Gr 10 -12 en Fisiese Wetenskappe Gr 12.

'n Maksimum van 20 leerders word in hierdie klasse geakkommodeer. Dit het ten doel dat die leerders toegespitste aandag in die klas kry en ekstra klas een maal per week. Koste: R1 200 per vak per jaar.

4.8 KDA-Leerprogram vir Lewensoriëntering

Die KDA -Leerprogram is 'n ontwikkelingsprogram wat fokus op die gelyktydige ontwikkelling van die intellektuele, fisieke, sosiale, konatiewe (waardes) en emosionele potensiaal van leerders.

KDA word as Lewensoriëntering in ons skool aangebied vir Gr 8 - 12.

Akademiese Aangeleenthede

Lewensoriëntering fokus op die holistiese ontwikkeling van leerders. Dit omvat die sosiale, persoonlike, intellektuele, emosionele en fisieke ontwikkeling van leerders en wys hoe hierdie fasette met mekaar verband hou.

In Lewensoriëntering word leerders begelei en voorberei op die lewe en al sy moontlikhede. Lewensoriëntering rus leerders toe om betekenisvol en suksesvol te lewe in 'n vinnige veranderende en transformerende samelewing. Dit help leerders om hulleself in die samelewing te handhaaf en dit dra by tot die ontwikkeling van 'n demokratiese samelewing, 'n produktiewe ekonomie en verhoogde lewenskwaliteit vir almal.

Die volgende kleredrag is verpligtend vir alle leerders tydens die periodes wat leerders fisieke ontwikkelling doen:

- Volledige Garsie-sweetpak in wintermaande (Beskikbaar by sportwinkel).
- Garsie-broek (Beskikbaar by klereverskaffers).
- Garsie T-hemp (Word voorsien deur Hoërskool Garsfontein).
- Tekkies met veters of kaalvoet.

5. MERIETESTELSEL

AKADEMIE (Slegs vakke op skoolvlak)
Verdienstesertifikate (Jaarpunte)

- Leerders in gr 8 en 9 vir 'n gemiddeld tussen 75 en 80
- Leerders in gr 10 en 11 vir 'n gemiddeld tussen 75 en 80 vir die sewe beste vakke.
- Gr 12 vir 'n gemiddeld tussen 70 en 75 vir die sewe beste vakke.

Meriete (Jaarpunte)

- 'n Eerste toekenning - net 'n sertifikaat
- 'n Tweede toekenning - katoenbalkie
- 'n Derde toekenning - silwerbalkie
- 'n Vierde toekenning - goue balkie

SPORT (Slegs skoolaktiwiteite)
Verdienstesertifikate

- Word toegeken vir bv. kaptein van 'n span, ligawenners B-spanne en laer; trofeewenners, ens.

Meriete

- Word toegeken vir bv. twee jaar lid van die A- of eerste span
- 750 punte op die ABSA-tabel (Atletiek)
- Gauteng Noord-kleure/Gauteng-kleure verwerf
- Besonder goeie spel (27% van 'n span)

KULTUUR (Slegs skoolaktiwiteite)
Verdienstesertifikate

- Lid van 'n span, bv. Redenaars
- Voorsitter van 'n klub

Meriete

- Twee jaar lid van die koor of revue
- Lid van die redaksie (bv. Nuustwak)
- A-simbole verwerf op Eisteddfod, ens.

PRESTASIES BUITESKOOLVERBAND
Meriete

- Provinsiale deelname
- Nasionale deelname
- SA-span

Buitemuurse Aktiwiteite

6. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Dit is vir ons baie belangrik dat ons leerders hulle vrye tyd nuttig sal bestee. Ons glo dat vir die gebalanseerde ontwikkeling van ons kinders, dit noodsaaklik is om aan sport en kultuuraktiwiteite deel te neem en daarom moedig ons deelname aan die skool se buitemuurse program sterk aan. Dit bevorder samehorigheid en skooltrots, wat noodsaaklike komponente van 'n gesonde skoolgees is.

'n Leerder wat betrokke is by skoolaktiwiteite is 'n gelukkige leerder. Ouers moet hul kinders aanmoedig om deel te neem aan die aktiwiteite wat die skool aanbied. Die volgende georganiseerde aktiwiteite word aangebied:

6.1 Sportaktiwiteite

Seuns: Atletiek, rugby, landloop, krieket, tennis, skaak, swem, hokkie, muurbal, jukskei, gholf, skyfskiet en perdry.
Dogters: Atletiek, netbal, hokkie, landloop, tennis, skaak, swem, muurbal, gholf, jukskei, sagtebal, skyfskiet en perdry.

6.2 Klubs

Tans bestaan die volgende klubs by die skool en leerders word aangemoedig om by die klub aan te sluit aangesien baie moeite gedoen word om interessante en leersame sake bekend te stel: fotografieklub, lugvaart-akademie en dans-akademie.

6.3 Biokinetika-sentrum

Volledig toegeruste gimnasium
Biokinetikus
Fisioterapeut
Wetenskaplike toetsings en oefenprogramme

6.4 Kultuuraktiwiteite

Die beskuldiging word dikwels gehoor dat skole die beoefening van sport verabsoluteer en die wenmotief oordryf sonder dat kultuuraktiwiteite in so 'n mate erkenning kry dat dit 'n effektiewe bydrae kan lewer tot die volledige vorming van die kind.
Hoërskool Garsfontein stel hom ten doel om ons leerders aan 'n wye spektrum aktiwiteite bloot te stel wat nodig is vir die afronding van die jong volwassene en bied 'n verskeidenheid kulturele aktiwiteite aan.

Buitemuurse Aktiwiteite

- **Kuns/Kultuur**
  - Toneel
  - Revue
  - Gemengde koor
  - Teateruitstappies
  - Fotografie
  - Kultuuraand
  - Kunsuitstallings
- **Kultuuraksies van sosiale aard**
  - Valentynsdag
  - Lentedag
  - Sokkiejol
  - Mnr en Mej Garsie
  - Matriekafskeid
  - Troffelkonsert
  - Graad 8-kamp
  - Graad 10-veldskool
- **Kultuuraksies wat verband hou met taal**
  - Redenaarskompetisies - Afrikaans
  - Redenaarskompetisies - Engels
  - Lees- en-skryfkring
  - Nuustwak (Skoolkoerant)
  - Algemene Kennis-vasvrakompetisie
  - ATKV-Jeugberaad
- **Leierskap**
  - Garsieraad
  - Junior Stadsraad
  - Verteenwoordigende Leerderraad
- **Nasionale organisasies**
  - Voortrekkers
  - CSV (JIK)
  - Noodhulp

Opvoedkundige Sentrum

7. OPVOEDKUNDIGE SENTRUM

Hier by Hoërskool Garsfontein is dit vir ons belangrik dat elke leerder vervuld en gelukkig moet wees. By die opvoedkundige sentrum poog ons om leerders se unieke behoeftes aan te spreek, sodat ons leerders se potensiaal ten volle verwesenlik kan word.

Ons verleen individuele hulp aan leerders wat sukkel om akademies te presteer en leerondersteuning vir leerlinge met leer- en leesprobleme. Leervaardigheidsontwikkeling, loopbaanvoorligting en remediërende onderrig is by die sentrum beskikbaar.

Evaluasies om aandagafleibaarheid en ander leerhindernisse te identifiseer, word ook by die sentrum gedoen.

Leerders kan by ons kom aanklop vir terapie of geestelike berading oor die dinge wat hulle kwel. Ons hanteer emosionele probleme, verhoudingsprobleme en doen krisis- en traumabegeleiding vir leerders wat dit nodig het.

Ons bied ook ouerleiding en ondersteuning vir enkelouer-gesinne of gesinne wat deur egskeiding geraak word.

Leerders kan hulself tydens skoolure by ons kom aanmeld, maar ouers is welkom om ons te kontak vir 'n afspraak.

'n 24-uur Garsie-hulplyn (084 666 6123) is beskikbaar vir alle leerders.

"Dis 'n fees om 'n Garsie te wees!"

Posbus 90001, Garsfontein, 0042

Rolinastraat, Garsfontein, 0042

Tel 012 998 6096/8200 Fax 012 998 6095

E-pos garsies@garsies.co.za Webwerf www.garsies.co.za